



OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
of South West Africa.

Published by Authority.

—
BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

1/- Tuesday, 2nd April, 1935. WINDHOEK Dinsdag, 2 April 1935. No. 606

The following Draft Ordinance which will be introduced during the First Session of the Third Legislative Assembly is published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Ontwerpordnansie, wat gedurende die Eerste Sessie van die Derde Wetgewende Vergadering voorgelê sal word, word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

| | <i>Page</i> | <i>Bladsy</i> |
|--|-------------|--|
| Extermination of Wild Dogs Ordinance, 1935 | 9344 | Ordonnansie betreffende die Uitroeiing van Wildehonde 1935 9344 |

DRAFT ORDINANCE

To provide for the extermination of wild dogs.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance unless inconsistent with the context—
 “Magistrate” shall mean the Magistrate or Assistant Magistrate of any District within the Territory of South West Africa.
 “Wild Dog” shall mean the animal commonly known as such in the Territory and also known as the African Hunting Dog (*Lycaon pictus*).
2. From and after the promulgation of this Ordinance every Magistrate shall pay to the person who shall have destroyed any wild dog or to any one duly authorised in writing to receive the reward, and on production of the proofs hereinafter mentioned, a reward of twenty shillings for the destruction of each wild dog irrespective of age. The expenditure incurred in paying out such rewards shall be a charge against the Territory Revenue Fund.
3. No reward shall be paid except upon production to the Magistrate —
 - (a) in the case of full-grown animals, of the complete tail (with the bone in) together with the scalp including the ears; and
 - (b) in the case of the young of such animals, of the whole skin including the tail and scalp, and unless the Magistrate shall be satisfied on affidavit or otherwise that the animal in respect of which the reward is claimed shall have been destroyed within the Territory of South West Africa. Under no circumstances shall dressed or prepared skins or tails be accepted as proof. After payment of the reward the Magistrate shall cause the said proofs forthwith to be destroyed in his presence.
4. It shall not be lawful to trade in the tails and scalps aforesaid, and any person acquiring by purchase, barter or exchange such tails and scalps for the purpose of obtaining a reward under this Ordinance shall be guilty of an offence.
5. Any person who is guilty of an offence under this Ordinance shall be liable on conviction to a fine not exceeding £10 or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding three months.
6. This Ordinance may be cited as the Extermination of Wild Dogs Ordinance, 1935.

ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die uitroeiing van wildehonde.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie, tensy onbestaanbaar met die inhoud, —
 beteken “magistraat” die magistraat of assistant-magistraat van enige distrik binne die Gebied Suidwes-Afrika;
 beteken “wildehond” die dier gewoonlik as sodanige in die Gebied bekend en ook bekend as die Afrikaanse Jaghond (*Lycaon pictus*).
2. Vanaf en na die uitvaardiging van hierdie Ordonnansie moet elke magistraat aan die persoon wat enige wildehond doodgemaak het, of aan enigeen behoorlik skriftelik gemagtig om die beloning te ontvang, en na voorlegging van die bewyse hierinlater genoem, ’n beloning van twintig sielings vir die doodmaak van elke wildehond, onverskillig wat sy ouderdom is, betaal.
3. Geen beloning mag betaal word nie, behalwe na voorlegging aan die magistraat —
 - (a) in die geval van ’n volwasse dier, van die hele stert (met die been daarin) tesame met die kopvel met inbegrip van die ore; en
 - (b) in die geval van die kleintjies van sodanige diere, van die hele vel met inbegrip van die stert en kopvel, en tensy die magistraat deur beëdigde verklaring of andersins oortuig is dat die dier ten opsigte waarvan die beloning gevra word, binne die Gebied Suidwes-Afrika doodgemaak is. Onder geen omstandighede word gebreide of toebereide velle of sterte as bewys aangeneem nie. Na betaling van die beloning moet die magistraat die voormelde bewyse onmiddellik in sy teenwoordigheid laat vernietig.
4. Dit is onwettig om in die voormelde sterte en kopvelle handel te drywe, en enige persoon wat deur koop, ruiling of uitwisseling sodanige sterte en kopvelle verwerf met die doel om ’n beloning kragtens hierdie Ordonnansie te verkry, is skuldig aan ’n misdryf.
5. Enige persoon wat skuldig is aan ’n misdryf kragtens hierdie Ordonnansie is, na skuldigbevinding, blootgestel aan ’n boete van hoogstens £10 of, by wanbetaling, aan gevangenisstraf met of sonder harde-arbeid vir ’n tydperk van hoogstens drie maande.
8. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Ordonnansie betreffende die Uitroeiing van Wildehonde 1935.